| 31 Oktober | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 2 NOVEMBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Heinrich Carstens | Ds. Louis Fourie | Ds. Kirsten Small |
| Jes 1:10-17 & Luk 19:1-10 | Lukas 19:1-10 | Lukas 19:1-10 |

LIG | DEERNIS | HOOP

Kuierkerk




Hangklipkerk




Kleinmondkerk



**YouTube**

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*Gebruik gerus die* ***SnapScan-opsie*** *om jou offergawe te gee.*

SnapScan

# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 3 November** | ***11:30*** | Predikante Preekwerkgroep (Kapel) |
| **Dinsdag 4 November** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***15:00*** | Vrouediensafsluiting (Kerksaal) |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| | ***17:30*** | Getuienisaksie (Kapel) |
| **Woensdag 5 November** | ***17:00*** | Hangklip Bybelskool |
| | ***18:00*** | Dissipelskapgroep (Kapel) |
| **Donderdag 6 November** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| | ***16:30*** | Arbeidsbediening-biduur (Hannes Smit) |
| | ***18:45*** | NGK/VGK Kerkraadskakeling |
| **Vrydag 7 November** | ***06:30*** | Kleinmond Mannegroep |
| | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |

## Verkose Ouderling

Die Kerkraad van NG Gemeente Kogelberg het tydens die kerkraadvergadering, op 22 Oktober 2025, **Esajas Reinier Lombaard (Voorsitter van die Hangklip Wyksraad)** amptelik gekies as ouderling. Volgens die Kerkorde (reglement 6) word die naam van die lidmaat twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie bekendgemaak. Indien enige lidmaat beswaar wil maak teen die verkose kerkraadslid, kan die beswaar skriftelik by die kerkkantoor voor Woensdag 5 November 2025 ingedien word.

# Ons bid saam....




# Barmhartigheidsbediening



# Belangrike kennisgewing





## Eredienstye Kleinmond

**In die lig van ons begroting met die oog op die beroep van 'n tweede voltydse leraar, het die Kerkraad besluit dat eredienstye in 2026 soos volg sal verander:**

**Kuierkerk om 08:00**
**Hangklipkerk om 09:00**
**Kleinmondkerk om 10:00**

In die Kleinmondstreek sal daar gedurende skoolvakansies en langnaweke slegs een erediens om 09:00 in die Kleinmondkerk wees



## Dankoffers




## Bybelskool




## Lootjies!






Getuienis

NGK

VGK




Gebedsgroepe





# NUUSFLITS - KERKRAADSBESLUIT

*Na deeglike ondersoek van twee ad hoc taakgroepe, het die* ***kerkraad besluit om 'n tweede voltydse predikant vir ons gemeente te beroep.*** *Hierdie besluit is geneem nadat ds Leopold van Huyssteen (ons kontrakpredikant in Hangklip) aangedui het dat hy teen einde Februarie 2026 nie weer beskikbaar gaan wees vir die huidige pos nie en ds Kirsten Small se kontrak verstryk ook einde Februarie 2026.*

***Ons sien met verwagting uit na die pad waarop die Heilige Gees ons gemeente in hierdie verband sal lei en vertrou dat die Here iemand sal voorsien wat in die volgende seisoen van ons gemeente se lewe saam met ons op reis kan gaan.***

*Ons wil graag elke lidmaat se betrokkenheid by hierdie proses vra.*

***Hoe kan jy betrokke raak?***

***Bid asseblief voortdurend*** *vir die leiding van die Heilige Gees!*

🙏 *vir die persone wat hulleself beskikbaar gaan stel vir die pos.*

🙏 *vir die Pre-advieskommissie wat met geloofsonderskeiding deur hierdie "aansoeke" moet werk.*

🙏 *vir die Kerkraad wat 'n beroep op een persoon moet uitbring.*

***Jy kan ook iemand nomineer*** *wat jy glo goed sal inpas in ons gemeente en veral wat die profiel van hierdie pos betref.*

*Die leraarsprofiel is beskikbaar in die Kerkklok en Eerste Gelui van hierdie week en* ***nominasievorms moet voor of op Sondag 2 November 2025 om 18:00*** *ingedien word. Jy kan dit elektronies stuur na* ***info@ngkogelberg.co.za*** *of* ***per hand in die "staalposbus" by die kerkkantoor ingooi.***

# Ons beroep 'n Voltydse Leraar

Met die beroeping van **'n tweede voltydse leraar** staan ons gemeente op die vooraand van **'n nuwe seisoen.** Daarmee **groet ons** vir di Leopold van Huyssteen en Kirsten Small wie se kontrakte DV einde Februarie 2026 uitloop.

Na die **Kerkraadsvergadering** die afgelope week, is die beroepingsproses nou in volle swang! **Die vakature** is reeds die afgelope 4 dae in die **Kerkbode** geadverteer! Die inhoud van die bekendstelling ("advertensie") is in hierdie uitgawe van ons afkondigings opgeneem.

Die Kerkraad het verder 'n ***Pre-advieskommissie van 14 lede*** (goed verteenwoordig uit al die dele van ons gemeente) benoem wat die beroepingsproses sal fasiliteer tot en met 'n aanbeveling wat hulle DV op 3 Desember 2025 aan die Kerkraad sal maak.

*Die Pre-advieskommissie werk aan die hand van 4 belangrike waardes:*

- **Gebedsafhanklikheid**
- **Maksimale gemeentebetrokkenheid**
- **Goeie Kommunikasie en**
- **Vertroulikheid!**

---

**2025 NOMINASIEVORM INSAKE BEROEPING VAN 'N VOLTYDSE LERAAR VIR DIE NG GEMEENTE KOGELBERG (KLEINMOND)**

**1. BESONDERHEDE VAN KANDIDAAT**

1.1. Volle naam en van: ________________________________________

1.2. Huidige werkkring/ gemeente: ________________________________

1.3. Selfoon: ______________________________________________

1.4. Eposadres: ____________________________________________

**2. VERKLARING**

Ek, die ondergetekende, het kennis geneem van die posvereistes van die kerkraad met die oog op die beroeping van 'n tweede voltydse leraar. Ek versoek die kerkraad om die naam van bogenoemde kandidaat op die groslys te plaas. Ek is ook bewus daarvan dat die kerkraad die genomineerde kandidaat sal kontak met die versoek om sy/haar CV beskikbaar te stel, asook om n vraelys met bedieningsgerigte vrae te voltooi en beskikbaar te stel.

**3. GENOMINEER DEUR**

3.1. Volle naam en van: ________________________________

3.2. Wyk: ____________________

3.3. Datum: ______ / ________ / 2025

LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

**Vakature: Voltydse Predikantspos**
**(Reglement 13 van die Kerkorde)**

**Gemeenskaps- en Gemeenteprofiel**
NG Gemeente Kogelberg strek vanaf Arabella tot by Rooiels en sluit Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels in. Ongeveer 70% van die lidmate woon in Kleinmond en 25% in die Hangklipstreek. Kleinmond lê 90 km van Kaapstad en 40 km van Hermanus, in die Kogelberg Biosfeer – een van die wêreld se rykste fynbosgebiede.

Ons gemeente bestaan uit ongeveer 1600 belydende en 120 dooplidmate. ’n Groot deel is afgetredenes wat aktief in die gemeenskap en verskeie organisasies betrokke is. Ons gemeente het tans 3 eredienspunte (twee in Kleinmond en een in Bettysbaai). Ons het 'n goeie laerskool op Kleinmond met ongeveer 400 leerders en die meeste hoërskoolleerders gaan na Hermanus, maar sommige ook na Caledon.

Ons gemeenteroeping lui: *“Draers van Sy Lig, Verskilmakers met deernis en Ambassadeurs van hoop.”*
Erediensplekke is die Kleinmondkerk (Vierdelaan), Kuierkerk (Eerstelaan) en Hangklipkerk (Bettysbaai).

Vir meer inligting: stuur epos stuur na info@ngkogelberg.co.za of heinrich@ngkogelberg.co.za of besoek ons webtuiste by www.ngkogelberg.co.za of ons Facebookblad NGK Kogelberg.

**Predikantsprofiel**
Ons soek ’n predikant wat:

- die normale ampspligte (Artikel 9/Kerkorde, 2023) as bedieningsriglyn aanvaar
- ’n lewende verhouding met God Drie-enig het
- spanwerk waardeer en vernuwing met wysheid fasiliteer;
- ons gemeenteroeping deel en saam met ons oor God se pad met die gemeente dink;
- inspirerende leiding neem en fokus op intergenerasionele familiebediening;
- die Woord op ’n Skrifgetroue, relevante wyse verkondig;
- oor 5–10 jaar bedieningservaring beskik en saam met ons huidige predikant ‘n diverse gemeente kan begelei;
- geestelik en emosioneel volwasse is, met ’n positiewe lewensuitkyk en waardes van respek, deernis en luister.

**Vergoeding**
Volgens Sinodale Riglyne (Kerf 9 maksimum). ’n Doelmatige pastorie in Kleinmond is beskikbaar.

**Aansoeke**
Stuur per e-pos aan **info@ngkogelberg.co.za**:

- Aansoekbrief
- CV (maksimum 3 bladsye)
- Drie relevante referente
- Kort **bekendstellingsvideo** oor jou bedieningservaring, gawes, visie en roeping
- Skakels na erediensopnames

**Sluitingsdatum**: Sondag, 16 November 2025 **Onderhoude**: 24-28 November 2025

Ingevolge die **POPIA-wet** gee kandidate toestemming dat hul inligting deur die pre-advieskommissie en kerkraad slegs vir hierdie aanstellingsproses gebruik mag word.

**Navrae:**

- Heinrich Carstens (Voorsitter Kerkraad): 083 566 1490 / heinrich@ngkogelberg.co.za
- André Theron (Voorsitter Pre-advieskommissie): 076 903 8271 / lali.theron@gmail.com
- Joke Venter (Bedieningsbestuurder): 072 711 2261 / 028 271 3470 / info@ngkogelberg.co.za

*Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.*

Hangklip

# KUIERBASAAR

## 1 NOVEMBER

09:00 -13:00

- Pannekoek
- Basaarpoeding
- Hamburgers
- Potjiekos
- Teetuin
- Koek
- Beskuit
- Boeries
- Kindertafel
- Plante
- Wit Olifante...



PILLANSIAWEG 2
BETTYSBAAI

**GRATIS TEE & KOFFIE**

**MUSIEK**

& KINDERVERMAAK

**VIR ENIGE SKAKEL DIE KERKKANTOOR BY 028 271 3470**

# Hangklip-Kuierbasaar: ’n Tuin van Genot en Geselskap

Fanie Krige

Tuiniers, bêre daardie snoeiskêr vir ’n uur of twee en kom ontdek wat die Hangklip-Kuierbasaar vir jou bied! Daar wag ’n kleurvolle verskeidenheid inheemse plante en bome — van bietou, keurtjie en Kaapse boekenhout tot clivias, vetplante, Kaapse asters en selfs kankerbos. Kersversierings en handgemaakte kerse bring ’n feestelike vonkel, en vir die kreatiewes is daar ’n inkleurhoekie vir versierings en klippies (teen ’n klein fooi). Sluit die oggend af met gratis koffie en gesels saam met sielgenote oor tuingeheime, plantliefde en gemeenskapsharte. Dis meer as ’n basaar — dis ’n kuier onder die berg.











# BELANGRIKE INLIGTING VIR DIE



# Kuierbasaar

1. Kaartjies sal by die basaar v**anaf 08:45** te koop wees by die ***Kaartjietafels***.

2. Basaar begin stiptelik om 09:00 - <u>GEEN verkope sal voor 09:00</u> toegelaat word nie.


3. Geen kontant word by die stalletjies/ tafels aanvaar nie - slegs kaartjies.

4. Die Kuierbasaar vind plaas by **Hangklipkerk:**
**Pillansiaweg 2, Bettysbaai**
**09:00 - 13:00**

# HOE WERK DIE KAARTJIES BY DIE *Hangklip* KUIERBASAAR

1. Koop kaartjies **tydens die Basaar** vanaf 08:45 by die kaartjietafel.

2. Jy kies self vir hoeveel rand jy kaartjies wil koop. ***Byvoorbeeld R50.***




3. ***Gebruik die kaartjie soos 'n beursie om by enige tafel of stalletjie iets te kan koop.***

4. Elke keer as jy iets koop, word die bedrag doodgetrek op jou kaartjie.
***Byvoorbeeld:***
***Jy koop 2 pannekoeke teen R10 elk. Jy betaal R20 – en jy het nog R30 oor op die kaartjie om elders te spandeer!***



# Vrouebyeenkoms Afsluitingsfunksie

Die funksie vind plaas op **4 November 2025** om **15:00** by die **Kerksaal**, Eerste laan 36, Kleinmond.

Ons benodig dames wat bereid is om as **gasvroue** op te tree. Die gasvrou van elke tafel sal verantwoordelik wees vir die **volledige dek van die tafel**, asook om **een groot koek of tert (soet)** te voorsien. Ons sal sorg vir die bordjies soutgoed, tafel, stoele en tafeldoek (indien nodig reël net vooraf).

Ons maak staat op jou unieke “flair” en gasvryheid om die middag in te kleur!
Indien jy kans sien vir hierdie rol, kontak asseblief vir Elizna Hogan by die kerkkantoor 028 271 3470 of Ninnie du Toit by 082 419 2938.

**O*ns sien uit daarna om saam met julle te kuier en hierdie middag onvergeetlik te maak!***


Met hartlike groete,
Kerkkantoor

*Boekoase bied aan*

# BOEKBEKENDSTELLING

*Kom gesels met*

**MARIUS UNGERER**




**5 NOVEMBER 2025**
10:00

**HANGKLIPKERK**
PILLIANSIAWEG 2,
BETTYSBAAI

**RSVP:**
mariusu@sun.ac.za
voor 2 November 2025

Kogelberg se Getuienis



# YOLANDÉ KORKIE: GETUIENIS-SONDAG 16 NOVEMBER 2025 KLEINMONDKERK

Yolandé se pynlike ervarings tydens aanhouding in Jemen en haar man se sterfte daar is aan baie van ons lidmate bekend.

Sy bestuur tans die organi-sasie CRN (Crisis Response Network). Oraloor word nood verlig, Jesus verkondig en mense in hulle geloof ondersteun. (Foto: Mense wat vlug, Gasa)

Tydens die oggenddiens op 16 November gaan Yolandé meer vertel, ook van CRN se werk in vlugtelingkampe wêreldwyd. Ons gaan die geleentheid hê om te wys dat ons daarna streef om ambassadeurs van hoop te wees deur plaaslike "migrante" (inkommers uit ons buurlande) deel te maak van die erediens en die gesprek ná teetyd.

Om gasvryheid en omgee te betoon nooi die getuienisaksie die gemeente om te kom saameet en ook die "vreemdelinge" binne ons gemeente-grense deel te maak hiervan en moontlik van hulle eie ervarings te vertel.

Die koste van 'n ete is R40 per persoon. Dit is 'n oop uitnodiging aan almal vir wie die Here lei om op hierdie manier 'n hand uit te steek deur een of twee vreemdelinge uit ons gebied te borg, en self ook te kom saam eet. (Kontakpersoon: Esther Pretorius, 082 786 3100, of die kerkkantoor.)

• Toe die kerkraad hierdie getuienisgeleentheid bespreek en goedgekeur het, was ds Leopold van Huyssteen se gebed na die tyd: "Here maak asb. ons gemeente 'n baken van hoop in hierdie omgewing."
U word hartlik genooi om deel te wees hiervan.

Gebedskalender

# NOVEMBER

## 1 November

Toe die elfjarige Robin* en sy gesin in Bangladesj weens hul geloof geteiken is, het dit hulle alles gekos. Bid vir Robin en ander kinders soos hy, wat geïsoleerd is en gespot word omdat hulle Jesus volg.

## 2 November

Robin se pa het Jesus aanvanklik aangeneem, maar het na Islam teruggekeer toe politieke chaos plek gemaak het vir ekstremistiese dreigemente teen Christene. Bid dat hy sy pad terug na Jesus sal vind.

## 3 November

Bid vandag saam met Robin. Sy Kersfeeswens is vriendskap. Hy bid dat die kinders by die skool sal ophou om hom te spot en dat hy nuwe vriende sal maak.

## 4 November

Hoewel sy slegs 12 jaar oud is, het Alicia* (foto op voorblad) aansienlike vervolging in Oaxaca, Mexiko, ervaar. Haar gesin het toegang tot basiese dienste verloor en het gewelddadige dreigemente in die gesig gestaar. Bid vir hulle vir vryheid om Jesus te volg.

## 5 November

Bid vir die plaaslike gemeenskapsleiers in Alicia se omgewing wat hul geloof beperk. Bid dat God hul harte sal versag om toe te laat dat ŉ plaaslike kerk gebou word, waar hulle kan bymekaarkom en samesyn kan hê sonder vrees vir diskriminasie of geweld.

## 6 November

Vra God om Alicia se familie en ander families soos hulle hierdie Kersfees te seën. Bid dat “Emmanuel – God met ons” nie net ŉ mooi Kersfees-slagspreuk sal wees nie, maar ŉ werklikheid wat hulle ten volle in hul huise en kerke ervaar.

## 7 November

ŉ Paar jaar gelede het Manuela* en Alaia* se familie weens godsdienstige vervolging uit Nicaragua gevlug. Hul pa, ŉ pastoor, is gevange geneem. Vra God

# Herdersbyeenkoms

## NG Kerk Kogelberg

Vrydagoggend 24 Oktober 2025 10h00

*Met liefde gemaak deur Joanne*













# Herdersbyeenkoms

## NG Kerk Kogelberg

Vrydagoggend 24 Oktober 2025 10h00



Met liefde gemaak deur Joanne













# Verjaarsdae!

## Saterdag 1 November

Thea Brink 083 760 2291 (Ba1b)
Theresa Els 072 494 1310 (BB3)
Bets Erasmus 082 820 7395 (Ba2)
Lita Franken 071 805 6045 (PM2)
Kobus Kuun 082 466 0835 (Ba1b)
Jacques Lizamore 064 527 0522 (Sb3)
Sophie Potgieter (Ba2)
Dolf Scheepers 071 610 2875 (BB4)

## Sondag 2 November

Marthinus Bekker 082 4409090 (Sa1)
Joyce Botha (KP1)
Wilhelm Dreyer 073 961 2878 (Sc1)
Wilna Hooneberg (PB1)
Flippie Kok 071 955 9638 (KB6)
Christelle Louw (Sb4)
Koos Nieuwoudt 083 256 4414 (KB2)
Netta Nortje 083 443 5349 (HK3)

## Maandag 3 November

Hennie Cilliers 082 825 9115 (Bb 4)
Dries Coetzee 074 885 3441 (BB3)
Christiaan Jordaan 071 040 2925 Sc2)
Manie Naude 082 824 0655 (PM4)
Sandra Schutte 072 690 1650 (Sa3)

## Dinsdag 4 November

Sandra Horn 073 169 8400 (BB1c)
Manda le Roux 066 232 7046 (Sa2)
Marina Oelofse 083 651 5998 (Sc2)
René Smit 083 687 8922 (Sb2)
Theresa van Dyk 083 442 4584 (BB2)

## Woensdag 5 November

Rita Hambley 072 621 4260 (Bb2)
Hendrik Saayman 082 895 1983 (Sc1)
Arno Swart 060 525 6512 (BB1b)
Attie van Wijk 082 557 9796 (KP1)

## Donderdag 6 November

Koos de Wet 072 148 0823 (Ba1a)
Ansu Dippenaar 072 288 6770 (PB3)
Danie Geldenhuys 082 213 2353 (KB1)
Ferdinand Naudé 072 639 3226 (Bb2)
Cornita van der Merwe 082 579 4156 (PM3)

## Vrydag 7 November

Leon Burger 082 441 3664 (PB2c)
Cathy Symington 082 338 4544 (HK2)
Pierre Verster 073 595 3822 (Bb2)
Dallie Viljoen 084 589 7444 (HK3)





# Christenskap...






**Godsdiens of 'n persoonlike verhouding met God?**

Jesaja 1:10-17 & Lukas 19:1-10

GESPREKSMATERIAAL VIR GROEPE

## GROEPGESPREKKE | 2 - 8 NOVEMBER 2025

**1. Gesels bietjie saam...**

1.1. Wat maak jou anders as ander mense?
1.2. Hoe voel jy oor mense wat "anders" as jy is?

**2. Ons storie nou...**

2.1. Het jy al ooit in jou lewe soos 'n buitestaander gevoel?
2.2. Hoe dink jy voel Jesus oor buitestaanders?
2.3. Hoe belangrik dink jy is dit om gereeld eredienste by te woon?

**3. God se storie...**

Lees Jesaja 1:10-17 deur en daarna die verhaal van Saggeus in Lukas 19:1-10.

3.1. Waarom is Jesaja se oordeelswoorde so skerp? Het die volk dan nie godsdienstig korrek opgetree met hulle tempeldiens, offers, feeste en gebede nie?
3.2. Wat is dit wat die Here by hulle gesoek het?
3.3. Hoekom het die Jode die tollenaars so gehaat?
3.4. Die Jode het geglo dat die tollenaars onrein is... Hoekom was dit so? En wat is die implikasies daarvan vir die tollenaars gewees?
3.5. Hoekom - dink jy - wou Saggeus so graag vir Jesus sien? Wat - dink jy - wou hy daaruit kry?
3.6. Hoekom - dink jy - sien Jesus vir Saggeus raak?
3.7. Watter reëls het Jesus oortree deur Homself vir ete by Saggeus te nooi? Hoe het die Jode daaroor gevoel dat Jesus by Saggeus gaan eet?
3.8. Hoe het Saggeus se lewe verander? Hoe het Saggeus verander? Was dit 'n maklike verandering?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

4.1. Dink jy dat 'n ware ontmoeting met Jesus jou noodwendig altyd verander? Hoekom kan jy nie dieselfde bly nie?

4.2. Wat kan jy vandag doen om Jesus te 'sien'? Dink jy Jesus sien jou raak?
4.3. Wat dink jy sal Jesus in jou lewe wil verander?
4.4. Watter rol speel ons gemeente se eredienste daarin om ons te help om Jesus te sien en te hoor?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord met die oog op Sondag 9 November se eredienste en oordink dit solank hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 3 November - Lukas 19:1-10 & Jesaja 1:10-17
- Dinsdag 4 November - Psalm 17:1-9
- Woensdag 5 November - Job 19:23-27a
- Donderdag 6 November - 2 Tess 2:1-5
- Vrydag 7 November - 2 Tess 2:13-17
- Saterdag 8 November - Lukas 20:27-38